



26 Oktober 2026

MEDIAVERKLARING

Die Suiders-Afrikaanse Kerk- en konsertorrelistevereniging (SAKOV) het onlangs met groot ontsteltenis verneem van inbrake by die NG Moederkerk in Senekal waartydens verskeie orrelonderdele en -pype gesteel is. Dit is vir SAKOV kommerwekkend dat 'n pyporrel die teiken van diefstal was.

SAKOV se visie is om die toekoms van orrelmusiek en orreliste in Suid-Afrika te verseker. Jaarliks word ons lede se vaardighede en kennis ontwikkel sodat die gehalte van orrelspel en orrelinstandhouding kan verbeter. Die behoud van pyporrels is egter noodsaaklik vir orreliste om voort te kan gaan met hulle taak as begeleiers van die gemeentesang en liturgiese orrelspel. Elke pyporrel se onderdele, soos hout- en metaalpype, word met die hand vervaardig en bring 'n unieke klank na vore. Elke instrument is 'n onvervangbare deel van Suid-Afrika se musikale erfenis en behoort vir toekomstige geslagte bewaar te word.

Hierdie voorval het diep kommer by die Bestuur en lede van SAKOV gewek. Die moontlike skrootwaarde van die metaalpype en onderdele is gering in vergelyking met die historiese, musikale, en vervangingswaarde van die instrumente.

Ten einde 'n herhaling van hierdie opportunistiese misdade te voorkom, lewer SAKOV 'n pleidooi aan kerke en die eienaars van pyporrels om die nodige maatreëls in plek te stel om instrumente teen boosdoeners te beskerm. Waar moontlik behoort geboue met diefwering en alarmstelsels toegerus te wees, terwyl maatreëls teen brandskade ook in plek moet wees.

SAKOV is bewus van die finansiële implikasie om pyporrels in stand te hou en moedig kerkrade en eienaars aan om nie die instrumente af te takel of uit kerke te verwyder nie, selfs al is onmiddellike herstel en restaurasie nie moontlik nie.

Die pyporrel is die enigste instrument wat reeds deur verskeie eeue in kerkmusiek aangewend word. Almal het 'n verantwoordelikheid om vandag te bewaar wat toekomstige geslagte moontlik kan herstel of restoreer.

Vir enige navrae kontak gerus info@sakov.co.za

Dr. Isabelle van Rensburg (SAKOV Voorsitter); Mnr. Johan Enslin (SAKOV Onder-voorsitter);
Mnr Wybrand van der Westhuizen (SAKOV Sekretaris)